

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 29.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

19 Julie 2020

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

EREDIENSTE VANDAG: Dr. Petrus Venter

Eerste diens: 9h30 (Bevestiging ouderling)

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Mattheus 9:1-8; 20-22; 14:22-31;
Johannes 16:28-33

Teks: Mattheus 9:2,22; Mattheus 14:27;

Johannes 16:33

Sing- VOORAF SANG: Ps.138:4

TYDENS EREDIENS : Ps 145:1,5,12 ; Ps 119:1,2;

Ps 89:9 ; Ps 89 :18 ; Ps 134:4

(Gemeentevergadering. Ps 84 :2)

HOU GOEIE MOED

1. **Waarom die verlamde goeie moed kon hou?**
2. **Hoe die siek vrou goeie moed kon hou?**
3. **Waarom die dissipels op die stormwaters goeie moed kon hou?**
4. **Waarom die dissipels by Jesus se afskeid goeie moed kon hou?**

Leerprediking 18h00

(Regstreekse internet-uitsending)

Skriflesing: Handeling 4:1-12

Heidelbergse Kategismus: Sondag 11

Teks: Handeling 4:10

Sing- Ps. 139:1,12

WAAROM WORD DIE SEUN VAN GOD JESUS GENOEM?

In die antwoord is daar drie duidelike sake.

1. **Hy verlos ons van sonde.**
2. **Hy is ons Saligmaker.**
3. **Dit staan nog sterker dat by niemand anders enige saligheid te soek of te verkry is nie.**

Voorsang

Ps. 138 :4

Ontmoetingsdiens

Votum en seën

Lofsang: Ps 145:1,5,12

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet: Eksodus 20

Sing: Ps. 119:1,2

Gebed

Woorddiens

Sing: Ps. 89:9

Skriflesing: Mattheus 9:1-8; 20-22; 14:22-31;

Johannes 16:28-33

Teks: Mattheus 9:2,22; Mattheus 14:27;

Johannes 16:33

Preektema: HOU GOEIE MOED

Sing: Ps. 89:18

Bevestiging ouderling

Liefdesdiens kollekte – In die banke DVB

By die deure – Emeritaatsversorging

Sing: Ps. 134:4

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag: 19 Julie 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Emeritaatsversorging**

Sondag: 26 Julie 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Bediening vir PMG**

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



WYK – DIENSBEURT

Vandag – 19 Julie 2020: Wyk 1

- **Ouderling:** Br. Leendert Snyman
- **Diaken:** Br Wikus Snyman
- **Wyksusters:** Sr Ilze Coetzee
- Volgende week – 26 Julie 2020: Wyk 2
- **Ouderling:** Br. Arthur Williams
- **Diaken:** Br. Lourens Pretorius
- **Wyksusters:** Sr. Annelie Williams

MEELEWING

- Oudl. Jan Schoeman is nog in Bloemfontein. Ons dink aan hom in die rehabilitasie wat hy moet deurgaen en ook aan sr Magdalena en geliefdes in wat hulle saam met hom moet deurgaen en hom ook moet bystaan. Die pad na herstel is deur verskeie spesialiste as 'n baie moeilike pad voorgehou en dra by tot groot kommer in wat vir almal voorlê. Ons is dankbaar dat daar vir hom en geliefdes ook heenkome by br Arthur Cilliers hulle kan wees.
- Br en sr James en Janika Johnston wil DV 26 Julie hulle verbondskindjies doop en diak Barend en sr Anita Snyman wil DV hulle verbondskindjie op 2 Augustus doop.

VERJAARSDAE

Maandag	20 Julie	Andrè Erasmus, Madrè Erasmus
Donderdag	23 Julie	Nelize Boshoff
Vrydag	24 Julie	Johan Viljoen
Saterdag	25 Julie	Dawie Schoeman

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Ons dink aan hierdie gemeente en vertrou as tye nog weer meer na normaal kan teruggaan ons hulp en konsulent bediening ook weer daar meer konkreet sal word. Daar is nog bepaalde uitdagings in die lig van die Corona-virus wat herbesin en nuut oor gedink sal moet word.

BELANGRIKE DATUMS

4 Sept – Voorlopige datum vir die jaarlikse Kermis

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

BEROEPE BEDANK: Ds OJ Struwig (Ockie) van GK Frankfort na GK Totiusdal

BEVESTIGING: Die bevestiging van proponent Ruan Steyn van die Gemeenskapskerk in Oshakati, Namibië, vind plaas op Saterdag 18 Julie 2020. Die bevestiging sal deur ds Janré van Jaarsveld van GK Tsumeb behartig word

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Ons versoek die Laerskool-ouers om waar al die werk aan hulle beskikbaar is op ons webwerf dat hulle met hulle kinders die werk sal behandel en dat die katkisasie gewoon voortgaan. U kan dit alles by bogenoemde skakel aflaai. Ook die Psalmsang wat ons poog elke weeksoggend deur te gee bied ook geleentheid dat die kinders ook die Psalms hoor en kan die inhoud daarvan met hulle gedeel en verduidelik word. Ons wil graag deur die Psalms hiermee gaan.

Hoërskool – kategeese sal voortaan plaasvind soos aan die ouers en ons katkisante deur WhatsApp ooreengekom. Daar word 'n les deur YouTube opgelaa; daar word ook vrae aan die les toegevoeg en Maandae moet die vrae skriftelik beantwoord wees dat opvolg van werk by volgende opname op Dinsdae ook gedoen kan word.

DORKAS- SUSTERS

Daar is in hierdie noodtyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

Die Dorkas Susters wil net elke Susters wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het.

BYBELSTUDIE

Ons is in hierdie tyd besig met Bybelstudies rondom die Here se verbond. Dit vind elektronies plaas. **Ons poog hierdie week te kyk na die verbond met land/grond en moontlik ook die Dawidiese verbond.** Die video en klankgreep van die opnames word so ver moontlik versprei, in ons gemeente maar ook op die groep – *Die Woord verby die duine ...*

GLOmedia TV

Die GKSA en die NHK het saam ons eie TV-platform geskep om goeie Christelike programme op professionele TV standaard te vervaardig. Hoewel die vervaardiging eers vanjaar begin het, is baie ure en baie soorte programme vir jonk en oud reeds beskikbaar. Programme word weekliks bygevoeg.

Ondersteun die inisiatief deur na www.glomedia.tv te gaan en aan te sluit. Kyk ook na roterende kennisgewingbord voor die erediens vandag begin ...

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. Dr. Venter is ook om die beurt 'n deelnemer op die program. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>. Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Wyk 8 en wyk 9 is die volgende twee maande op die predikant se huisbesoek-beplanning. Hy sal met u skakel dat die huisbesoeke kan voortgaan.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Ons hou vanoggend 'n gemeente-vergadering om die stand van dankoffers en die huidige begroting met u as gemeente te deel.

Ons volgende Kerkraadsvergadering vind DV 19 Augustus plaas

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 (Is weer in werkende toestand!)

Kerkkantoor ure: Maandae, Woensdae en Vrydae 9h00 – 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	20
Bydrae: Teologiese Stuentekas	R466
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	R552

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016



Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za